



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2013

**EKONOMIE V1
(MAKRO-EKONOMIE)**

PUNTE: 150

TYD: 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae as volg:

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in die ANTWOORDEBOEK.

AFDELING C: Beantwoord enige EEN vraag in die ANTWOORDEBOEK.

2. Skryf die vraagnommer boaan elke vraag.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
4. Lees die vrae sorgvuldig en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae.
6. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg en inhoud van jou antwoorde voldoen aan die kognitiewe vlakke van die vrae.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Slegs die vereiste aantal vrae sal nagesien word in die volgorde waarin dit in die ANTWOORDEBOEK verskyn.

AFDELING A (Verplichtend)**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A, B of C) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.1.1 Die ... kombineer al die ander produksiefaktore om goedere en dienste te produseer ten einde verbruikers se behoeftes te bevredig.
- A arbeider
B entrepreneur
C regering (2)
- 1.1.2 Goedere wat nie direk verbruik word nie, maar wat help om ander goedere te produseer, word ... goedere genoem.
- A verbruikers-
B kapitaal-
C vrye (2)
- 1.1.3 In 'n sentraal beplande ekonomie, word alle ekonomiese besluit deur ... geneem.
- A die regering
B individue
C besighede (2)
- 1.1.4 Eskom genereer elektrisiteit in Suid-Afrika deur hoofsaaklik ... te gebruik.
- A water
B steenkool
C wind (2)
- 1.1.5 Die verspreiding van inkome of rykdom in 'n land word deur die ... kurwe voorgestel.
- A Phillips-
B Laffer-
C Lorenz- (2)
- 1.1.6 Hierdie program is in 1994 geïmplementeer om die sosio-ekonomiese probleme aan te spreek wat deur die beleide van die vorige regering teweeggebring is.
- A MOI
B HOP
C Jipsa (2)

1.1.7 Die minimum vlak van inkomme wat nodig is om 'n basiese lewenspeil te handhaaf, word ... genoem.

A die armoedelyn

B die relatiewe armoede

C die kroniese armoede

(2)

1.1.8 Die Sentrale Bank van Suid-Afrika is die ...

A Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsbank.

B Standard Bank van Suid-Afrika.

C Suid-Afrikaanse Reserwebank.

(2)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n begrip in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.2.9 I.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|-------------------------|---------|--|
| 1.2.1 | SADU | A | Ontginning van grondstowwe |
| 1.2.2 | BBP | B | Vryemark-ekonomie |
| 1.2.3 | Kapitalisme | C | Persentasie van totale bevolking wat in armoede leef |
| 1.2.4 | Primêre sektor | D | Mense met dringende behoeftes wat nie deur die regering aangespreek word nie |
| 1.2.5 | Inheemse Kennisstelsel | E | Totale waarde van finale goedere wat binne die grense van 'n land geproduseer word |
| 1.2.6 | Armoedekoers | F | Tradisionele genesing en medisyne |
| 1.2.7 | Quasi-geld | G | Vervang Doeane-unie Ooreenkoms van 1910 |
| 1.2.8 | Gemarginaliseerde groep | H | Bankspaarrekeninge en termyn-deposito's |
| | | I | Totale waarde van finale goedere wat deur permanente inwoners geproduseer is |

(8 x 1)

(8)

1.3 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.1–1.3.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Ekonomiese goedere is skaars en mense is bereid om daarvoor te betaal.

1.3.2 Daar is drie deelnemers in 'n oop ekonomie.

1.3.3 Sekondêre nywerhede verander natuurlike hulpbronne na nuttige goedere.

Voltooi die ontbrekende woord in die volgende sinne. Skryf slegs die woord langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.4–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.4 'n Geskrewe opdrag aan die bank om 'n sekere bedrag uit die trekker se lopende rekening te betaal, word 'n ... genoem.

1.3.5 Lae lewenspeil is 'n eienskap van ... lande.

1.3.6 In 'n sakeonderneming word die besluite oor wat om te produseer en waar om die besigheid op te rig, deur die ... geneem.

(6 x 1)

(6)

TOTAAL AFDELING A:

30

AFDELING B (BEANTWOORD ENIGE TWEE VRAE UIT HIERDIE AFDELING.)**VRAAG 2****(40 PUNTE)**

2.1 Noem enige TWEE kategorieë van arbeid. (2 x 2) (4)

2.2 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Verskillende maatstelsels word gebruik om die prestasie van 'n land se ekonomie te meet. Die eerste stap is om die totale produksie-uitset van 'n land te meet. In die ekonomiese kringloop van 'n land, is dit duidelik dat een persoon se besteding 'n ander persoon se inkome is en mense bestee hulle inkome op goedere en dienste. Al drie maatstelsels van die totale uitset van 'n ekonomie is dieselfde

Nasionale produksie = Nasionale besteding = Nasionale inkome

[Aangepas uit *Fokus op Ekonomie*]

2.2.1 Noem enige TWEE metodes om BBP te bereken. (4)

2.2.2 Onderskei tussen 'intermediêre goedere' en 'finale goedere'. (4)

2.2.3 Definieer die begrip '*finale verbruiksbesteding deur huishoudings*'. (2)2.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Groei in indiensname in die mynsektor reflekteer gedeeltelik die volgehoue toename in kommoditeitpryse en die sterk vraag van Asië en ander opkomende markeconomieë. Goudproduksie aan die ander kant het afgeneem, grootliks as gevolg van geologiese uitdagings en die toename in produksiekoste.

[Verkort en aangepas uit die *SARB Kwartaallikse bulletin, Junie 2011*]

2.3.1 Noem EEN rede, volgens die uittreksel, vir die groei in indiensname in die mynsektor. (2)

2.3.2 Wat, volgens die uittreksel, is die redes vir die afname in die goudproduksie? (4)

2.3.3 Noem TWEE ekonomiese belangrikhede van die primêre sektor. (4)

2.4 Verduidelik die voordele van 'n markeconomie kortliks. (8)

2.5 Verduidelik die ekonomiese belangrikheid van 'energie' as deel van Suid-Afrika se infrastruktuur, kortliks. (8)

[40]

VRAAG 3**(40 PUNTE)**

3.1 Noem enige TWEE 'ontwikkelingstrategieë'. (2 x 2) (4)

3.2 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| Provinsie | Koptelling-indeks | Armoede-gaping verhouding |
|-----------|-------------------|---------------------------|
| Wes-Kaap | 20,73% | 7,04% |
| Oos-Kaap | 47,09% | 19,65% |
| Vrystaat | 29,79% | 10,93% |
| Noordwes | 38,18% | 15,15% |
| Gauteng | 18,33% | 5,61% |

[Aangepas uit StatsSA 2011]

3.2.1 Definieer die begrip '*armoede koptelling-indeks*'. (2)

3.2.2 Wat, volgens die tabel, is die persentasie van mense wat in die Oos-Kaap in armoede leef? (2)

3.2.3 Onderskei tussen 'absolute armoede' en 'relatiewe armoede'. (4)

3.2.4 Watter provinsie, volgens die tabel, het die laagste aantal arm mense? (2)

3.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Suid-Afrikaanse Reserwebank sny repokoers tot 5%

Ten spyte van verbeterde inflasiesyfers en die voortslepende eurosone krisis, het die Reserwebank ekonomiese ontleders Donderdag verras, toe hulle, die eerste keer in maande, die repokoers met 50 basispunte gesny het.

[Aangepas uit M&G, Julie 2012]

3.3.1 Definieer die begrip '*repokoers*'. (2)

3.3.2 Wat, volgens die uittreksel, is die redes vir die sny van die repokoers? (4)

3.3.3 Verduidelik die begrip '*Mzansi rekeninge*' kortliks. (4)

- 3.4 Verduidelik kortliks die rol van SAOG in Suider-Afrika. (8)
- 3.5 Bespreek 'lae vlakke van produktiwiteit' as een van die eienskappe van ontwikkelende lande. (8)
- [40]**

VRAAG 4**(40 PUNTE)**

- 4.1 Noem enige TWEE voorbeelde van 'sosiale toelaes'. (2 x 2) (4)
- 4.2 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| LAND | UITVOERE | INVOERE |
|-------------|----------|---------|
| Botswana | 4 693 | 5 657 |
| Nigerië | 79 000 | 37 000 |
| Egipte | 26 438 | 52 923 |
| Namibië | 4 090 | 5 360 |
| Swaziland | 1 550 | 1 700 |
| Suid-Afrika | 81 821 | 9 050 |

[Aangepas uit Afrika Ontwikkelingsbank statistieke departement]

- 4.2.1 Watter land, volgens die tabel, is die grootste uitvoerder van goedere en dienste? (2)
- 4.2.2 Onderskei tussen 'handel surplus' en 'handelstekort'. (6)
- 4.2.3 Definieer die begrip '*uitvoer*'. (2)

4.3 DATA RESPONS

Bestudeer die onderstaande foto en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit *Mail&Guardian*]

- | | | |
|-------|---|-----|
| 4.3.1 | Wat, volgens bostaande foto, is die eis van die werkers? | (2) |
| 4.3.2 | Onderskei tussen 'nominale lone' en 'reële lone'. | (4) |
| 4.3.3 | Noem enige TWEE eienskappe van arbeid. | (4) |
| 4.4 | Verduidelik finale verbruiksbesteding deur die owerheid kortliks. | (8) |
| 4.5 | Verduidelik enige TWEE funksies van geld kortliks. | (8) |

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C (BEANTWOORD ENIGE EEN VRAAG UIT HIERDIE AFDELING.)**PUNTETOEKENNING VIR OPSTELTIPE VRAE**

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|-------------------------|
| Inleiding | Maks. 3 |
| Inhoud | |
| <ul style="list-style-type: none"> Hoofdeel: Byvoorbeeld bespreek/verduidelik / gedetailleerde opstel/ontleed/evalueer | Maks. 20 |
| <ul style="list-style-type: none"> Addisionele gedeelte: Byvoorbeeld teken 'n grafiek of diagram/verwys/dui aan | Maks. 10 |
| Slot | Maks. 2 |
| Interpretasie | Maks. 5 |
| TOTAAL | 40 |

VRAAG 5**OPSTELTIPE VRAAG**

Verduidelik die eienskappe van kapitaal ten volle.

As toevoeging verduidelik die ekonomiese belangrikheid van kapitaal kortliks.

[40]**VRAAG 6****OPSTELTIPE VRAAG**

Skryf 'n opstel oor die redes vir/oorsake van armoede.

Verduidelik kortliks die uitwerking/gevolge van armoede.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150